Invicta HOLDINGS LIMITED

Registrasienommer: 1966/002182/06
(In die Republiek van Suid-Afrika ingelyf)
Aandelekode: IVT • ISIN: ZAE000029773
("Invicta" of "die Groep")

GEOUDITEERDE GROEPSRESULTATE

vir die jaar geëindig 31 MAART 2010

Inkomste ▼ 12,3% • Wins voor belasting ▼ 9,5% • Verdienste per aandeel ▲ 3,7% • Jaarlikse dividend ▲ 9,4%

GEKONSOLIDEERDE VERKORTE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

vir die jaar geëindig 31 Maart

	% verandering	2010 R'000	2009 R'000
Inkomste	(12,3)	**3 968 872**	4 523 535
Bedryfsinkomste	(8,9)	**453 293**	497 356
Rente en dividende ontvang		**408 498**	360 115
Finansieringskostes		**432 886**	382 719
Gedeelte van assosiaat		**639**	–
Wins voor belasting	(9,5)	**429 544**	474 752
Belasting		**64 155**	111 940
Wins vir die jaar	0,7	**365 389**	362 812
Minderheidsbelang		**44 493**	50 000
Toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	2,6	**320 896**	312 812
Verdienste per aandeel (sent)	3,7	**453**	437
Verwaterde verdienste per aandeel (sent)	0,9	**441**	437
Bepaling van wesensverdienste			
Toeskryfbare verdienste		**320 896**	312 812
Aanpassings			
– Negatiewe klandisiewaarde op besigheidskombinasie		**(7 952)**	–
– Verswakking van eiendom, masjinerie en toerusting		**190**	4 000
– Klandisiewaarde verswakking		**3 442**	638
– Vrystelling van uitgestelde wins op uitreiking van aandele deur filiale		**(3 870)**	(3 870)
– Wins op verkoop van belegging		**–**	(232)
– Wins op verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting		**(3 732)**	(3 232)
Totaal voor belasting en minderheidsbelang		**(11 922)**	(2 696)
Belasting		**1 616**	1 001
Minderheidsbelang		**1 412**	(311)
Totale aanpassings		**(8 894)**	(2006)
Wesensverdienste	0,4	**312 002**	310 806
Uitgereikte aandele			
Geweegde gemiddeld (000'e)		**70 779**	71 536
Aan die einde van die jaar (000'e)		**70 712**	70 801
Getal aandele gebruik vir verwaterde verdienste per aandeel (000'e)		**72 767**	71 536
Wesensverdienste per aandeel (sent)	1,6	**441**	434
Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)	(1,2)	**429**	434
Dividende per aandeel* (sent)	9,4	**151**	138
– Tussentyds	(7,5)	**49**	53
– Finaal	20,0	**102**	85

** In ooreenstemming met IRS 10 word die finale dividend van 102 sent per aandeel, wat deur die direkteure voorgestel is, nie in die tussentydse resultate getoon nie.*

GEKONSOLIDEERDE VERKORTE KONTANTVLOEISTAAT

vir die jaar geëindig 31 Maart

	2010 R'000	2009 R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		
Kontant gegenereer uit bedrywighede	**590 226**	87 972
Finansieringskostes	**(432 886)**	(382 719)
Dividende betaal	**(96 389)**	(112 626)
Belasting betaal	**(25 329)**	(194 445)
Rente en dividende ontvang	**404 498**	360 115
Netto kontantinvloei (-uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite	**444 120**	(241 703)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		
Netto kontantuitwerkings van bate verkrygings	**(74 458)**	(82 816)
Netto kontantuitwerkings van ander beleggingsaktiwiteite	**(191 556)**	(266 763)
Toename in langtermynlenings	**(6 721)**	–
Netto kontantuitwerkings van tesourie-aandeel beleggings	**(2 323)**	(44 854)
Netto kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(275 058)**	(394 433)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		
Netto kontantuitwerkings van lenings verkry	**177 104**	294 806
Netto kontantinvloei uit finansieringsaktiwiteite	**177 104**	294 806
Netto toename (afname) in kontant en kontantekwivalente	**346 166**	(341 330)
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	**(131 459)**	209 871
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**214 707**	(131 459)

SEGMENTINLIGTING

vir die jaar geëindig 31 Maart

	Ingenieurswese verbruikbares R'000	Kapitale toerusting en onderdele R'000	Groep, finansiering en ander bedrywighede R'000	Totaal R'000
2010				
Inkomste	**2 018 304**	**1 749 538**	**201 030**	**3 968 872**
Bedryfsinkomste	**292 673**	**123 441**	**37 179**	**453 293**
Totale bates	**1 233 928**	**884 232**	**3 818 954**	**5 937 114**
Totale laste	**300 217**	**631 884**	**3 391 750**	**4 323 851**
2009				
Inkomste	2 136 572	2 254 606	132 357	4 523 535
Bedryfsinkomste	325 567	141 510	30 279	497 356
Totale bates	1 258 015	1 165 673	3 581 042	6 004 730
Totale laste	521 607	967 168	3 179 704	4 668 479

Voldoening aan IFRS 8 in die huidige jaar het vereis dat sekere vergelykende syfers in die segmentinligting heraangegee word.

GEKONSOLIDEERDE VERKORTE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

soos op 31 Maart

	2010 R'000	2009 R'000
BATES		
Nie-bedryfsbates	**3 706 514**	3 495 310
Eiendom, masjinerie en toerusting	**312 860**	228 997
Finansiële beleggings	**2 882 206**	1 195 100
Klandisiewaarde en ander ontasbare bates	**255 326**	253 649
Langtermyn lenings en finansiële bate	**186 270**	1 760 387
Uitgestelde belasting	**69 852**	57 177
Bedryfsbates	**2 230 600**	2 509 420
Voorraad	**1 298 795**	1 645 913
Handels- en ander ontvangbare rekenings	**670 979**	688 106
Voorafbetaalde belasting	**273**	50 340
Banksaldo's en kontant	**260 553**	125 061
Totale bates	**5 937 114**	6 004 730
EKWITEIT EN VERPLIGTINGE		
Kapitaal en reserwes	**1 613 263**	1 336 251
Toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	**1 442 966**	1 206 055
Minderheidsbelang	**170 297**	130 196
Nie-bedryfslaste	**3 223 347**	3 096 348
Langtermynlenings en finansiële verpligtinge	**3 209 058**	3 083 072
Uitgestelde belasting	**14 289**	13 276
Bedryfslaste	**1 100 504**	1 572 131
Korttermynlenings	**18 056**	5 546
Handels-, ander betaalbare rekenings en voorsienings	**1 023 315**	1 295 130
Belastingverpligtinge	**13 287**	14 935
Bankoortrekkings en bankaksepte	**45 846**	256 520
Totale ekwiteit en verpligtinge	**5 937 114**	6 004 730

GEKONSOLIDEERDE VERKORTE STAAT TEN OPSIGTE VAN VERANDERINGS IN EKWITEITE

vir die jaar geëindig 31 Maart

	2010 R'000	2009 R'000
Aandelekapitaal		
Saldo aan begin en einde van die jaar	**3 724**	3 724
Aandelepremie		
Saldo aan begin en einde van die jaar	**282 715**	282 715
Tesourie-aandele		
Saldo aan begin van die jaar	**(94 247)**	(49 393)
Tesourie-aandele verkry	**(2 323)**	(44 854)
Saldo aan einde van die jaar	**(96 570)**	(94 247)
Teruggehoue inkomste		
Saldo aan begin van die jaar	**972 824**	763 697
Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	**320 896**	312 812
Dividende betaal	**(94 838)**	(103 685)
Saldo aan einde van die jaar	**1 198 882**	972 824
Ander reserwes		
Saldo aan begin van die jaar	**41 039**	24 848
Voortspruitend uit die uitreiking van aandeel appresiasie regte	**22 045**	19 270
Herwaardasie reserwe afgeskryf op likwidasie van Groep maatskappy	**(3 169)**	–
Voortspruitend uit omsetting van buitelandse bedrywighede	**(5 700)**	(3 079)
Saldo aan einde van die jaar	**54 215**	41 039
Toeskryfbaar aan ekwiteitsaandeelhouers	**1 442 966**	1 206 055
Minderheidsbelang		
Saldo aan begin van die jaar	**130 196**	92 147
Verdienste toeskryfbaar aan buite-aandeelhouers	**42 544**	50 000
Netto belegging in filiale	**1 510**	(2 952)
Dividende betaal	**(3 953)**	(8 999)
Saldo aan einde van die jaar	**170 297**	130 196

ANDER INLIGTING

	2010	2009
Netto rentedraende skuld:ekwiteit (uitsluitende die langtermyn befondsingskuld gesekureer deur beleggings en lenings) (%)	–	19
Waardevermindering en amortisasie (R'000)	**32 356**	28 612
Netto batewaarde per aandeel (cents)	**2 040,6**	1 703,4
Netto tasbare batewaarde per aandeel (cents)	**1 679,5**	1 345,2
Kapitaalbesteding (R'000)	**83 424**	91 984
Voorwaardelike aanspreeklikhede (R'000)	**313**	1 428
Kapitale verpligtinge (R'000)	**988**	7 026

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE

Voorbereidingsgrondslag

Die gekonsolideerde finansiële state is in ooreenstemming met IRS 34 Tussentydse Finansiële Rapportering, Internasionale Finansiële Rapportering Standaarde, die JSE Beperk se Noteringsvereistes en op die wyse wat deur die Maatskappywet in Suid-Afrika vereis word, voorberei. Die hoof rekeningkundige beleid, soos uiteengesit in die Groep se 2009 jaarverslag, is deurgaans konsekwent vir die jaar geëindig 31 Maart 2010, toegepas, en sluit die aanname van IRS 1 (gewysig) en IFRS 8 in.

KOMMENTAAR

FINANSIËLE OORSIG

Die Groep het weereens uitstaande resultate in 'n baie uitdagende ekonomiese omgewing gelewer. Die mark is deur swak vraag vir produk, 'n internasionale likiditeitskrisis, 'n sterk Rand en oor die algemeen moeilike handelstoestande gekenmerk.

Omset het desondanks met slegs 12,3% tot R3,969 miljard gedaal. Danksy goeie margebestuur en streng kostebeheer het bedryfsinkomste met net 8,9% tot R453 miljoen gedaal. Verbeterde finansieringskostes en dividende ontvang het daartoe gelei dat die wins vir die jaar met 0,7% tot R365 miljoen toegeneem het. 'n Vermindering in die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele het tot gevolg gehad dat verdienste per aandeel met 3,7% tot 453 sent per aandeel gestyg het.

Besondere klem is op bedryfskapitaalbestuur geplaas. Kontant gegenereer uit bedrywighede het gevolglik gestyg tot R590 miljoen, die hoogste ooit.

Die Groep het die swak marktoestande tot sy voordeel benut en 'n aantal strategiese verkrygings gemaak. Die mees beduidende hiervan was die verkryging van 100% van Criterion Equipment (Edms) Beperk van 1 Junie 2009 en 70% van Wegezi Power Holdings (Edms) Beperk van 1 April 2010. Criterion Equipment doen sake in die boustofhanteringsektor, met TCM-vurkkrane as sy primêre produk. Wegezi Power Holdings vervaardig en herstel transformators, elektriese skakelgerei, -panele en pompe.

BEARING MAN GROEP (BMG)

BMG vorm steeds die vernaamste winsgrondslag van die Groep. Handelstoestande in die industriële verbuikersektor het vele uitdagings gebied. Weens die internasionale resessie was kommoditeitspryse onder druk. Die belangrike marksegmente mynbou en vervaardiging het ook wesenlike afnames getoon. Marges het onder druk gekom soos die Rand verstewig het. Die mededingende markomgewing, die versterking van die Rand en die uitverkoop van hoërprys-voorraad wat teen swakker wisselkoerse ontvang is, het bygedra tot laer marges. Ondanks hierdie ongunstige toestande het BMG omset vir die jaar van R2,018 miljard behaal – 'n afname van slegs 5,5% – terwyl bedryfswins met 10,1% tot R293 miljoen gedaal het. Die bedryfsmarge was 'n hoogs bevredigende 14,5%.

BMG het voortgegaan om in personeelopleiding en -opvoeding en in strategiese verkrygings, waarvan Wegezi Power Holdings die belangrikste was, te belê.

KAPITALE TOERUSTINGAFDELING (CED)

CED, wat die mees sikliese van die Groep se bedrywighede is, het 'n afname in inkomste van 22,4% tot R1,750 miljard getoon. Verkrygings gedurende die jaar het 8,2% tot omset bygedra. Buitengewone margebestuur en kostebeheer het tot gevolg gehad dat segmentwins met slegs 12,8% tot R123 miljoen afgeneem het. Goeie beheer van bedryfskapitaal het gelei tot 'n segment-winsopbrengs uit bedryfskapitaal van 48,9%.

In die CED het die konstruksietoerustingsafdelings die swaarste gekry. Weens die onlangse resessie het die vraag na produkte in hierdie sektor drasties afgeneem. Die situasie is deur die afhandeling van infrastruktuurprojekte vir die Sokkerwêreldbeker en die regering vererger.

Criterion Equipment, wat op 1 Junie 2009 verkry is, is herstruktureer en bedryf nou winsgewend sake. Dit het nie betekenisvol tot segmentwinste in die CED bygedra nie, maar het gehelp om van die bokoste in die afdelings vir konstruksietoerusting te absorbeer. Daar word verwag dat Criterion Equipment in die komende jaar 'n beduidende bydrae tot die CED sal maak.

Die afdelings vir landboutoerusting het veeleisende toestande die hoof moes bied, met totale markverkope van trekkers vir die oorsigtyd wat met 33% van 8 045 tot 5 406 eenhede afgeneem het. Ondanks die afname in die mark, het die afdelings vir landboutoerusting deur streng marge- en kostebestuur, markaandeel in sleutelsektore verbeter en, die grootste bydrae tot die CED se segmentwins gelewer.

ANDER BEDRYWIGHEDE

Die Groep verstewig steeds sy verspreidingsgrondslag en -strukture in al sy kleiner bedrywighede. Etlike strategiese eiendomsverkrygings is ook gedurende die jaar afgehandel.

VOORUITSIGTE

Dit wil voorkom asof handelstoestande in die sektore waarin die Groep sake doen, gestabiliseer het. Die huidige sterkte van die Rand is egter 'n bron van kommer aangesien dit kan lei tot 'n verlaging in die prys van groepprodukte en in die inkomste van sleutelkliënte wat in uitvoer-georiënteerde sektore sake doen.

Dit lyk asof volumes in BMG gestabiliseer het, maar handel is steeds onbestendig en sporadies. Die makro internasionale omgewing dui op 'n terugkeer na normale handel in die mediumtermyn. Dit behoort, op sy beurt, 'n verhoogde aanvraag vir BMG-produkte en -dienste tot gevolg te hê.

Wat die CED betref, word verwag dat die sektor vir landboumasjinerie problematies sal bly. Dit word voorsien dat die lae graanpryse die vraag na landboumasjinerie op die huidige gedempte vlak sal hou. Toestande in die konstruksietoerustingmark is steeds gedemp en bestuur verwag nie dat dit binne die volgende 12 maande sal verbeter nie. Die afdeling het sy koste met welslae verlaag om winsgewende handel te verseker en bedryfskapitaal word versigtig bestuur. Die verkryging van Criterion Equipment is ingeskakel en die maatskappy is nou winsgewend. Criterion Equipment behoort 'n betekenisvolle bydrae tot die CED in die komende jaar te lewer en sal help om die bokoste van die afdeling vir konstruksietoerusting te verspreí.

Aan die hand van die meer stabiele handelstoestande en beter ekonomiese verwagtinge, het die Direksie 'n finale dividend van 102 sent per aandeel verklaar wat die totale dividend vir die jaar op 151 sent per aandeel te staan bring, 'n verhoging van 9,4% teenoor verlede jaar. Dit is gelyk aan 'n dividenddekking van drie keer, 'n verhouding wat die Direksie van voorneme is om te handhaaf tot tyd en wyl marktoestande tot normaal teruggekeer het.

Die Direksie het steeds volle vertroue in die voortgesette sukses van die Groep en sal steeds op die uitkyk wees vir geleenthede om sy produkreeks uit te brei en nuwe markte binne te dring.

OUDITMENING

Die ouditeure, Deloitte & Touche, het 'n ongewysigde opinie op die Groep se gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2010 uitgereik. 'n Afskrif van die ouditverslag is ter insae by die Maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar.

DIVIDENDE

Die Direksie het 'n finale dividend van 102 sent per aandeel verklaar.

Die volgende datums is van toepassing:

Laaste dag om "MET" dividend te verhandel	Vrydag, 2 Julie 2010
Eerste dag om "SONDER" dividend te verhandel	Maandag, 5 Julie 2010
Rekorddatum	Vrydag, 9 Julie 2010
Betaaldatum	Maandag, 12 Julie 2010

Aandeelsertifikate mag nie gedematerialiseer of gehermaterialiseer word tussen Maandag, 5 Julie 2010 en Vrydag, 9 Julie 2010, beide dae ingesluit, nie.

Op las van die Direksie

C Barnard Kaapstad
Sekretaris 25 Mei 2010

BMG BEARING MAN GROUP · NEW HOLLAND AGRICULTURE · NORTHMEC Established 1869 · CASE IH AGRICULTURE · CSE · CASE CONSTRUCTION · AUTOBAX · DOOSAN · Criterion Equipment · Tiletoria Tiles you can afford

Geregistreerde kantoor: Invicta Holdings Beperk, 3de Verdieping, Pepkor-huis, Stellenbergweg 36, Parow Industria, 7493 • Posbus 6077, Parow Oos, 7501
Oordragsekretarisse: Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Grond-verdieping, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001 • Posbus 61051, Marshalltown, 2107
Direkteure: Dr CH Wiese*, C Barnard, A Goldstone, AK Masuku*#, J Mthimunye*, DI Samuels*, LR Sherrell*#, RE Sherrell*, AM Sinclair, CE Walters * *Nie-uitvoerend* # *Plaasvervangend* • **Borg:** Deloitte & Touche Sponsor Services (Edms) Beperk
GRAPHICULTURE